

25 November tot 1 Desember 2018

Fokusteks

Openbaring 1:4b-8

Sewe en Twintigste week in **Koninkrykstyf**

Ons byeenkoms se Ritme

- * Rus in Psalm 132:1-12, (13-18)
- * Lees die week se fokusteks: Openbaring 1:4b-8
- * Dink na oor die dag se perspektief
- * Ander RCL-tekste: 2 Samuel 23:1-7; Johannes 18:33-37

Saam verder geluister

a. Stilword en aanbidding

b. Skriflesing

- * Lees Openbaring 1:4b-8.
- Die proloog tot Openbaring.
- Johannes getuig oor die visioen wat Jesus se engel hom laat sien het (2).
- Hy spreek 'n seënswens uit oor elkeen wat dié profetiese woorde lees en ter harte neem.
- Vers 4-6 vorm die aanhef tot die brief aan die sewe gemeentes in Asië.
- Vers 7-8 bevat die tema van die boek.
- God, die Almagtige, kondig Jesus se wederkoms aan. Alle mense sal Hom sien.
- * Deel julle menings en gevoelens oor die Openbaringsboek met mekaar.

c. Gesprek

- * In Johannes se visioen sien ons vir “Jesus Christus, die geloofwaardige getuie...”
- Hy is “die eerste wat uit die dood opgestaan het, die heerser oor die konings van die aarde” (5).
- 'n Feestelike gesig!
- * Die gestuurde kerk leef vanuit die openbaringsfees.
- 'n Gestuurde kerk glo in God wat Hom aan mense openbaar.
- Vers 3 beskryf hulle wat God se openbaring glo, as geseënd. Dit gaan oor “hierdie profesie”.
- Die werkwoorde ter sprake is: “lees”, “hoor” en “ter harte neem” (NAV).
- * Deel julle gedagtes oor hierdie Godsopenbaring met mekaar.

d. Leer geloofsgewoontes aan

- * Geloofsgewoonte een: leer leef as priesters voor God se troon.
- Vers 6 beskryf wat die liefde van Jesus Christus - toe Hy ons verlos het - vir ons beteken.
- Hy het ons priesters vir God sy Vader gemaak. Ons priesterskap bou op Christus as Hoëpriester.
- Christus het met sy voorbidding gedurigdeur by die Vader vir ons ingetree.
- Christus het ons verlos om só vir mekaar en die wêreld by die Vader in te tree.
- * Geloofsgewoonte twee: ons droom saam.
- Een van die familiegewoontes van 'n gestuurde kerk is om in die lig van die Bybel saam te droom.
- Ons droom oor 'n alternatiewe gemeenskap.
- Met die oorgang van die kerkjaar rig Openbaring 1:7 ons fokus op die wolke.
- Daarmee sal Jesus Christus na die aarde terugkeer, en dit rig ons lewenshouding hier en nou.

e. Kerklike Seisoen – Seisoen van Voleiding (Laaste vier Sondae van die kerklike jaar)

- * Die laaste week van die Kerkjaar, ná Christus die Koning Feesdiens.

f. Afsluiting

- * Sluit hierdie byeenkoms af met die wete dat julle koningskap deur God bepaal word.
- * Gebruik 2 Samuel 23:1-7 en Openbaring 1:4b-8 saam vir julle afsluitingsgebede.
- In 2 Samuel is Dawid as koning van Israel aan die woord.
- Hy beskryf sy identiteit in verhouding met God van wie sy hulp en vreugde kom.
- Dawid erken God se voorskrifte vir sy kongskap (3-4).
- Ja, God is die Alfa en die Omega (Op 1:8).